LYS VAN FASILITEITE

Die Landgoed bied ‘n verskeidenheid van fasiliteite, insluitende:

1. **Mediese fasiliteite – Kamers met ‘n apteek en besoekende mediese dokter, tandarts, voetkundige, fisoterapeut en kliniek**: Die fasiliteit sal beskikbaar gemaak word en mediese praktisyns van die omliggende dorpe sal gekontak word om dienste te lewer vir hulle eie rekening.
2. **Geriefswinkel, koffiewinkel, restaurant, teetuin, bakkery en dameskroeg**: ‘n Kommersiële entiteit sal hierdie fasiliteite bedryf op die perseel.
3. **Kosmetiese Spa**: Haarversorging, naelsorg, velsorg, ens. sal deur plaaslike diensverskaffers voorsien word in ‘n fasiliteit wat deur die ontwikkelaars geskep word.
4. **Rekenaar- en besigheidsentrum met internet verbinding en posbusse**: ‘n Vertrek sal toegerus word met rekenaars, drukker en fotostaatmasjien om internet toegang en besigheidsdienste aan inwoners te verskaf op ‘n kommersiële grondslag, asook posbusse.
5. **Verhitte swembad en Jacuzzi sentrum**.
6. **Stoor fasiliteite vir karavane en sleepwaens**: Nuwe fasiliteite sal gebou word en verhuur word aan inwoners.
7. **Werkswinkels vir houtwerk en ander stokperdjies**: Bestaande store sal omskep word in “mini fabrieke” onder een dak en verhuur word aan inwoners. Dit sal inwoners in staat stel om hulle stokperdjies te beoefen sonder om ander inwoners te steur.
8. **Motorwas**: Dit sal bedryf word deur die personeel en kostes sal verhaal word.
9. **Tuindienste en huisskoonmaakdienste**: Tuindienste vir die gemeenskaplike areas is reeds ingesluit in die heffing. Huisskoonmaakdienste een keer per week is ook by die heffing ingesluit en addisionele dienste sal op ‘n kommersiële grondslag voorsien word.
10. **Wasgoeddiens**: Sal deur personeel gelewer word op ‘n kommersiële grondslag.
11. **Nutsman diens**: Sal deur personeel gelewer word op ‘n kommersiële grondslag.
12. **Grootskerm-televisie** vir sosiale geleenthede: Die fasiliteit is ingesluit in die heffing.
13. **Vervoer** na die dorp vir inkopies, banksake en ander aktiwiteite: ‘n Voertuig sal voorsien word om inwoners te vervoer op ‘n gereelde grondslag. Ritkoste sal verhaal word.
14. **OTM** op die perseel.
15. **Naaldwerk- en kunssentrum**: Fasiliteite sal beskikbaar gemaak word soortgelyk aan die werkswinkels. Dit sal ‘n vertrek wees met ‘n snytafel en kaste vir inwoners om hulle materiaal en toerusting veilig te kan stoor.
16. **Eenheid vir bystand sorg (“assisted living centre”)**: Inwoners betaal vir die dienste wat hulle ontvang. Dit word in latere fases ontwikkel.
17. **Langtermyn verswakte sorg- en terminale sorgsentrum**: Grond sal beskikbaar gestel word aan ‘n onafhanklike diensverskaffer om ‘n fasiliteit op die perseel op te rig vir langtermyn verswakte- en terminale sorg. Dit sal ook in die latere fases geskied.